Saterdag **3 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 49:1-2, 22-26**

**Fokusgedeelte: Genesis 49:23-25 (AFR53)**

**Deur sy almag hou God sy kinders staande in moeilike tye**

Ons lees in Genesis 49 hoedat Jakob sy seuns seën en in vers 22-26 lees ons die spesifieke seën wat hy aan Josef toesê. In vers 23 en 24 lees ons van boogskutters wat vir Josef aanval, maar dat hy staande sal bly “deur die hande van die Magtige van Jakob”. Dit is natuurlik ’n verwysing na die almagtige God van die verbond. In vers 25 word Hy beskryf as “die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo”. In sy seën aan Josef lê Jakob dus duidelik klem op die almagtige God wat sy kind staande hou in groot beproewings.

Ons leef in ’n land en in ’n tyd waarin dit soms voel of ons ook teen ’n oormag te staan gekom het, waarin dinge net te veel vir ons raak. Elkeen van ons beleef ook persoonlike krisisse wat ons eie swakheid en afhanklikheid van God blootlê. Ons het behoefte daaraan dat ons deur die hande van die Magtige van Jakob staande gehou sal word, dat die Almagtige ons sal seën met seën uit hemelse geweste.

In Christus het ons die belofte dat God ons so sal bewaar dat daar nie eens ’n haar van ons koppe sal val sonder sy beskikking nie. Ook dat Hy ons in hierdie lewe sal bewaar, so lank as wat Hy ons in sy diens wil gebruik. Ook dat sy bewaring tot in ewigheid sal wees, dat Hy ons sal bewaar vir die ewigheid. Loof en prys Hom, want Hy wil dit doen as ons liefdevolle hemelse Vader, en Hy kan dit doen as die Magtige van Jakob, die almagtige God van die verbond!

*Sing: Psalm 33-1:2, 11*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)*